

# Hoofuitvoerende beampte se verslag

Remgro bly verbind tot hierdie land en ons sal voortgaan om ons **rol te speel en te help verseker dat Suid-Afrika sterker uit hierdie uitdagende tye** as 'n nasie kom.

*Jannie Durand*

*Hoofuitvoerende beampte*

## Inleiding

By nabetrugting oor wat andermaal as 'n wipwarit-jaar beskou kan word, is ek opnuut herinner aan ons land en ons groep se ongelooflike ryk geskiedenis. Suid-Afrika het deur baie hoogte- en laagtepunte gegaan in die 73 jaar van Remgro se geskiedenis en as 'n trotse en verantwoordelike burger was die maatskappy voortdurend deel van 'n proses van betragting, deelname en aanpassing by hierdie veranderende tye.


Ons is trots op wat ons was en wat ons is en is opgewonde oor wat ons kan wees. Ons verstaan die belangrikheid van relevansie en die noodsaak om te verander en in hierdie verband beskou ons 2020, die jaar van die pandemie, as 'n ideale geleë tyd om na binne te kyk, te besin en te herkalibreer. Komende uit daardie proses, wat deurlopend is, glo ons dat dit nou die tyd is om te herskik – om meer te doen as om te verpoos en aan te pas, maar om die aanduidings van verandering te herken.

Baie soos die eerste saad wat gesaai is, deur byvoorbeeld 'n stigtersrol te speel in die Suid-Afrikaanse wyn- en spiritualieëbedryf, en as medestigters van Suid-Afrika se eerste sellulêre telefoonmaatskappy op te tree, is dit ons voortgesette strewende om 'n wêreld te identifiseer en te koester wat geskik sal wees vir toekomstige geslagte.

Sommige lesers sou oplet dat kleur vir die eerste keer in ons geïntegreerde jaarverslag gebruik is, wat die begin van nog 'n reis van verandering wat Remgro onderneem het beklemtoon. Die verslag se ontwerp, geïnspireer deur die Stellenbosse kunstenaar, Michelle-Lize van Wyk, wat 'n kunswerk geskep het om Remgro se lewenskragtige stelsel te weerspieël, bestaan uit ons wortels (ons erfenis en geskiedenis) en ons DNS (ons kultuur en filosofie) en erken elkeen se individuele rol in 'n hoogs gestruktureerde en georganiseerde groep wat uniek, dinamies en organies is.\* Ons glo dat dit hierdie stelsel is wat ons in staat sal stel om voort te gaan om waarde volhoubaar te skep, en soos met alle groeiende en lewende dinge, sal die gesondheid van die stelsel bepaal hoe sterk ons kan staan en hoe hoog ons kan groei.

\* Die oorspronklike kunswerk (met elemente daarvan wat in die huidige ontwerp van die geïntegreerde jaarverslag weerspieël word) gee uitdrukking aan die kenmerke van ons besigheid in takke, vrugte en blare en gebruik woorde en kunswerke om gemeenskaplike verbintenisse en doel te toon. Seshoek vorm ons identiteit en strategiese denke as 'n voorstelling van universele samehorigheid, doeltreffendheid en krag, met natuur, kuns, wetenskap en belegging tot ons denke oor 'n visioëre toekoms gevoeg word. Deur hierdie kunswerk as 'n tema te gebruik, werk ons met verskillende elemente om ons reis te definieer. Ons waardeer dat die diversiteit van ons groep as anker vir ons besigheid sal dien terwyl innoverende en vindingryke maniere ondersoek word om te floreer. Deur nabootsing van die artistieke proses pas ons vlakke van denke en verbintenisse toe ten einde te verseker dat ons robuus bly in ons begrip van moontlike toekoms- en veelvoudige veranderinge.

## Remgro-aandeelprys (Rand per aandeel)



Soos wat ons beleggingsportefeuje sedert die laat 1940's onder die kuratorskap van wyle dr Anton Rupert ontwikkel het, so sal ons visie en strategie ons na 'n nuwe uitspruitende, inklusiewe groeifase lei.

Met 'n leierskapsplan wat verbind is tot 'n verantwoordelike beleggingsfilosofie, duidelike prioriteitskuipe en fokusgebiede is ons daarop ingestel om "die voorkeur betroubare beleggingsmaatskappy te wees wat konsekwent, volhoubare waarde vir belanghebbendes skep".

Terwyl Remgro se intrinsieke netto batewaarde die mees toepaslike aanwyser is van die waarde wat vir ons aandeelhouers toegevoeg word, voorsien die res van hierdie verslag: (i) insig in Remgro se waardasiemetodologie en die integriteit daarvan; (ii) 'n opsomming van ons beleggingsbedrywighede en verpligtinge vir die jaar; (iii) kommentaar oor die heersende ekonomiese klimaat en (iv) 'n oorsig van die relatiewe vertoning van Remgro se INBW per aandeel en interne opbrengskoers soos gemeet teenoor gekose JSE-indeks.

## Intrinsieke netto batewaarde

Remgro se intrinsieke netto batewaarde per aandeel het met 14.8%, vanaf R154.47 op 30 Junie 2020 tot R177.33 op 30 Junie 2021, toegeneem. Die sluitingsaandeelprys op 30 Junie 2021 was R114.60 (30 Junie 2020: R99.90), wat 'n diskonto van 35.4% (30 Junie 2020: 35.3%) op die intrinsieke netto batewaarde verteenwoordig. Op 30 Junie 2021 was 37% van Remgro se onderliggende beleggings verteenwoordig deur ongenoteerde beleggings (2020: 38%). In hierdie verband moet daarop gelet word dat voor die ontbondeling van Remgro se belang in RMB Holdings Beperk (RMH) op 8 Junie 2020, 23% van Remgro se onderliggende beleggingsmaatskappye deur ongenoteerde beleggings verteenwoordig is, met die aandeelprys wat teen 'n diskonto van minder as 30% van die intrinsieke netto batewaarde verhandel het. Terwyl die vergroting van die korting sedertdien nie in daardie stadium voorsien is nie, wys dit hoe belangrik dit is om die juistheid van intrinsieke netto batewaardes te demonstree in 'n portefuile wat toenemend uit meer ongenoteerde beleggings gaan bestaan.

Die intrinsieke netto batewaarde van die groep sluit waardasies in van alle beleggings, waarby filiale, geassosieerdes en gesamentlike ondernemings geïnkorporeer is teen óf genoteerde markwaarde, of in die geval van ongenoteerde beleggings, ander insette vir die bates wat nie op waarneembare markinligting gegrond is nie.

Riglyne vir die voltooiing van waardasies word verkry van *IFRS 13: Billike Waarde Meting*, waar *billike waarde* omskryf word as die prys wat ontvang sal word om 'n bate te verkoop, of te betaal

om 'n verpligting oor te dra in 'n ordelike transaksie tussen markdeelnemers op die metingsdatum. 'n Billike Waarde Meting veronderstel dat 'n hipotetiese transaksie om 'n bate te verkoop in die hoofmark plaasvind, of, in die afwesigheid daarvan, die mees voordelige mark vir die bate.

Die waardes verkry uit die waardasie-oefening wat op metingsdatum gedoen word, val binne die *IFRS 13*-raamwerk, wat vereis dat, in die konteks van verdiskonteerde kontantvloei-waardasies, die ekwiteitsbeta, kapitaalstruktuur en koste van skuld bepaal word op grond van inligting wat vir soortgelyke bates of markdeelnemers verkry word, nadat sekere aanpassings gemaak is. Dit het 'n invloed op die geweegde gemiddelde koste van kapitaal (GGKK) wat gebruik word wanneer die kontantvloei verdiskonteer word vir die doeleindes van die *IFRS 13*-waardasie en sal na verwagting anders wees as dit wat toegepas word in 'n transaksie-waardebenadering, aangesien die teiken of werklike insette vervang word deur insette verkry uit 'n beoordeling van die posisie van hipotetiese markdeelnemers. Gevolglik sal 'n waardasie verkry deur die toepassing van die *IFRS 13*-raamwerk na verwagting verskil van 'n transaksie-waardasie.

Tydens die jaar onder oorsig en as 'n stap om die juistheid van Remgro se intrinsieke netto batewaardasies te verseker, het die audit-en-risikokomitee 'n waardasie-subkomitee aangestel om die audit-en-risikokomitee te help met die –

- bepaling van die waarde van Remgro se ongenoteerde beleggings en die interne waardering van Remgro se wesentlike genoteerde beleggings; en
- aanbevelings oor die waarde van Remgro se ongenoteerde beleggings en interne waardasies van Remgro se wesentlike genoteerde beleggings aan die Remgro-direksie te maak.

Die waardasie-subkomitee staan onder voorsitterskap van mnr Fred Robertson en bestaan uit vyf nie-uitvoerende direkteure (twee direkteure wat in die audit-en-risikokomitee en drie direkteure wat in die beleggingskomitee dien), die hoofuitvoerende beampte en die hoof finansiële beampte. Soos hierbo genoem, sal hierdie funksie toenemend belangrik raak soos Remgro se portefuile na meer ongenoteerde beleggings neig.

## Wesentlike beleggingsaktiwiteite

Gedurende Januarie 2021 het Remgro ingevolge 'n regte-uitgifte vir 54 738 aandele ten bedrae van R1 636 miljoen in Community Investment Ventures Holdings Eiendoms Beperk (CIVH) ingeskryf. Die aandele-inskrywing het Remgro se belang in CIVH marginaal vanaf 54.7% op 30 Junie 2020 tot 55.2% op 30 Junie 2021 verhoog. Sedert 30 Junie 2021 het

Remgro, ingevolge nog 'n regte-uitgifte, vir 'n bykomende 67 364 aandele ten bedrae van R2 124 miljoen in CIVH ingeskryf, waardeur sy belang in CIVH tot 55.5% verhoog is. Die opbrengs van beide regte-uitgiftes is gebruik om CIVH se groepskuld te verminder, asook om kapitaalbesteding te ontsluit met die oog op toekomstige groei.

Gedurende Mei 2021 het Remgro 40 000 000 FirstRand Beperk (FirstRand)-aandele deur 'n versnelde boekbou-aanbod verkoop vir R2 040 miljoen (of R51.00 per aandeel). Die transaksie het Remgro se belang in FirstRand tot 3.3% (2020: 4.0%) verminder.

Gedurende November en Desember 2020 het Remgro 'n bykomende 28 940 412 RCL Foods Beperk (RCL Foods)-aandele ten bedrae van R234 miljoen bekom. Op 30 Junie 2021 was Remgro se effektiewe belang in RCL Foods 80.4% (2020: 77.1%).

Gedurende die jaar onder oorsig het Remgro hom verbind om \$25 miljoen in Asia Partners I LP (Asia Partners) te belê. Asia Partners maak private ekwiteits- en ekwiteitsverwante beleggings in tegnologie- of tegnologie-bemagtigde maatskappye wat hul hoofsaaklik op die Suidoos-Asiëstreek toespits. Op 3 Maart 2021 het Asia Partners, wat 'n aanvanklike fondsteikengrootte van \$300 miljoen gehad het, aangekondig dat verpligtinge op \$384 miljoen afgesluit word. Tot 30 Junie 2021 het Remgro \$11 miljoen belê, waarvan \$1 miljoen verband hou met fondssluitingskoste. Op 30 Junie 2021 het die oorblywende verpligting ten opsigte van Asia Partners \$15 miljoen bedra. Sedert 30 Junie 2021 het Remgro 'n verdere \$6 miljoen in Asia Partners belê.

Die volgende tabelle toon die kontanteffek van Remgro se beleggingsbedrywighede vir die jaar tot 30 Junie 2021. Hierdie bedrywighede sluit die beleggingsbedrywighede van Remgro se bedryfsfiliale, RCL Foods, Distell Group Holdings Beperk, Siqalo Foods Eiendoms Beperk en Wispeco Holdings Eiendoms Beperk, uit.

Beleggings gemaak en lenings toegestaan	R miljoen
CIVH	1 636
RCL Foods	234
Invenfin Eiendoms Beperk	192
Asia Partners (buiteland)	157
Pembani Remgro Infrastruktuurfonds (PRIF)	114
Ander	63
	<b>2 396</b>

Beleggings en lenings gerealiseer	R miljoen
FirstRand (na transaksiekoste)	2 019
CIVH (lening)	468
Milestone Capital-fondse (buiteland)	218
Saracens Cophall LLP	142
Ander	101
	<b>2 948</b>

## Beleggingsverpligtinge

Die onderstaande tabel som die beleggingsverpligtinge van Remgro soos op 30 Junie 2021 op.

Beleggingsverpligtinge	R miljoen
CIVH	2 124
Asia Partners	213
PRIF	164
Ander	63
	<b>2 564</b>

## Relatiewe vertoning van intrinsieke netto batewaarde en Remgro interne opbrengskoers (IOK)

Die onderstaande tabel vergelyk die Remgro intrinsieke netto batewaarde per aandeel met sekere gekose JSE-indeks op 30 Junie gedurende die laaste vyf jaar. Die wesentlike afname in Remgro se aandeelprys en intrinsieke netto batewaarde op 30 Junie 2020 weerspieël die ontbondeling van Remgro se belang in RMH op 8 Junie 2020, sowel as die negatiewe impak van die Covid-19-pandemie.

	30 Junie 2021	30 Junie 2020	30 Junie 2019	30 Junie 2018	30 Junie 2017
Intrinsieke netto batewaarde – Rand per aandeel	<b>177.33</b>	154.47	233.03	256.97	251.48
JSE – Alle Aandele-indeks	<b>66 249</b>	54 362	58 204	57 611	51 611
– Capped Swix Alle Aandele-indeks	<b>18 865</b>	15 184	17 685	18 162	17 371
– Fin & Ind 30-indeks	<b>83 912</b>	70 975	77 459	78 391	73 184
– Finansiële 15-indeks	<b>13 103</b>	10 034	16 993	16 139	14 470
– Gesondheidsorg	<b>4 155</b>	3 894	3 861	6 800	7 538
Remgro-aandeelprys (Rand)	<b>114.60</b>	99.90	187.90	204.29	213.46

Die onderstaande tabel vergelyk Remgro se IOK met sekere gekose JSE-indeks. Vir hierdie doel word daar aanvaar dat dividende, wat die ontbondeling van Remgro se belang in RMH insluit, óf in Remgro-aandele óf in die betrokke indeks herbelê word, na gelang van die spesifieke berekening.

	Een jaar 30 Junie 2021 (% jaar- op-jaar)	Vyf jaar 30 Junie 2021 (% saamgestel per jaar)	Tien jaar 30 Junie 2021 (% saamgestel per jaar)
JSE – Alle Aandele-indeks	<b>25.1</b>	<b>8.1</b>	<b>13.9</b>
– Capped Swix Alle Aandele-indeks	<b>27.6</b>	<b>4.3</b>	<b>20.5</b>
– Fin & Ind 30-indeks	<b>20.0</b>	<b>5.5</b>	<b>15.7</b>
– Finansiële 15-indeks	<b>33.4</b>	<b>2.3</b>	<b>11.7</b>
– Gesondheidsorg	<b>6.7</b>	<b>(14.7)</b>	<b>11.1</b>
Remgro-aandeel	<b>15.6</b>	<b>(6.7)</b>	<b>10.7</b>



## Ekonomiese kommentaar en vooruitsigte

Covid-19, en daarmee gepaardgaande reaksie van regerings, ondernemings en verbruikers op die pandemie, gaan voort om die globale en Suid-Afrikaanse ekonomiese landskap te oorheers. Dit is verblydend dat die globale en plaaslike ekonomie teen 'n vinniger tempo herstel het as wat verwag is na die harde inperkingskok in die tweede kwartaal van 2020. Die wêreldwye herstel was egter baie ongelukkig, beide binne-in en tussen lande.

Die VSA en China het die herstel gelei, met Europese lande wat sedertdien in die tweede kwartaal van 2021 begin inhaal het. Die VSA-ekonomie het reeds in die tweede kwartaal van 2021 teruggekeer tot die vlak van ekonomiese aktiwiteit (BBP) voor Covid-19. Volgens die Nasionale Buro vir Ekonomiese Navorsing het die resessie wat in Maart 2020 in die VSA begin het in April 2020 geëindig. Nie net was die resessie die diepste, sover bekend nie, maar by verre ook die kortste. Die vinnige ekonomiese herstel in die VSA is ondersteun deur die aggressiewe beskikbaarstelling van Covid-19-entstowwe en 'n ongekende skaal van monetêre en fiskale aansporingsmaatreëls. Die VSA het ook 'n groot interne verbruikersmark, wat dit minder afhanklik van oorsese toerismebesteding maak.

Baie opkomende en ontwikkelende lande, insluitende Suid-Afrika, is in 'n baie minder gunstige posisie. Die verkryging en beskikbaarstelling van entstowwe was wêreldwyd baie ongelukkig. Hetsy deur 'n gebrek aan toegang, skaars finansiële bronne of eenvoudig swak beplanning, bly ontwikkelende lande ver agter met die beskikbaarstelling van entstowwe. Soos gesien met Suid-Afrika se verwoestende derde vlag van Covid-19-infeksies, stel dit hierdie lande bloot aan (erge) opvolgende infeksie-golwe. Gesondheidstelsels word oorweldig en owerhede word gedwing om strawwer (en meer ekonomies skadelike) beperkingsmaatreëls in te stel. In die geval van Suid-Afrika was daar in die jongste tyd 'n welkome toename in die tempo van inentings. Na aanvanklike vertraging kon genoegsame dosisse entstof bekom word om die volwasse bevolking in te ent. 'n Ander beperking vir armer lande is dat hulle nie dieselfde fiskale vermoë het om ondernemings, en hul werknemers, tydens die verskillende vlakke van beperkings te ondersteun nie.

Hoewel die owerhede 'n paar harde lesse geleer het en die inperkingsmaatreëls nie meer so drakonies is as met die aanvanklike instel daarvan vroeg in 2020 nie, is elke volgende Covid-19-golf en daarmee gepaardgaande beperkinge op beweging en ekonomiese aktiwiteit 'n terugslag vir die ekonomie. Die globale reisbeperkings wat deur baie lande ingestel is, bring mee dat streke wat meer afhanklik van buitelandse toeriste is, swaarder deur die ekonomiese terugslag van Covid-19 getref is.

Bo en behalwe die voortgesette impak van die pandemie, was die ongekende vlag van plundering en brandstigting in Julie in KwaZulu-Natal en dele van Gauteng 'n verdere terugslag. Voor hierdie gebeure het 'n beter as verwagte begin tot 2021 voorspellers genoop om hul siening van reële BBP-groei in 2021 opwaarts aan te pas. Die plunderingskok het hierdie opwaartse tendens gestuit. Inderdaad die eerste ekonomiese data wat vir Julie vrygestel is, was aansienlik swakker as wat verwag is en beklemtoon die omvang van die impak. Die mediumtermyn-implikasies van die plunderingskok is steeds onduidelik.

### Remgro se ongenoteerde beleggings is soos volg waardeer:

#### Belegging

Air Products
Business Partners
CIVH
eMedia Investments
Kagiso Tiso Holdings (KTH)
Milestone China Opportunities Fund III (Milestone III)
PGSI
Prescient China Equity Fund
PRIF
SEACOM
Siqalo Foods
TotalEnergies
Wispeco

Suid-Afrika is gelukkig dat die terugslae wat die ekonomie verduur het, effens versag is deur 'n baie sterk kommoditeitsprys siklus, wat meer onlangs effens afgekoel het. Dit het tot buitengewone winste in die mynbousektor gelei, asook 'n aansienlike oorskryding van die regering se inkomste, soos in die begroting van Februarie 2021 geraam. Dit het die regering tydelik fiskale ruimte gegee om bykomende inkomsteverligting aan die armes te verskaf. Die kommoditeitsopbloei word ook in die groot surplusse op Suid-Afrika se buitelandse handelsbalans weerspieël. Dit het as belangrike steun vir die randwisselkoers gedien en die veerkragtige geldeenheid het gehelp om plaaslike verbruikersinflasie in bedwang te hou ondanks vinnig stygende insetkoste. Hierdeur is ruimte vir die SA Reserwebank geskep om rentekoerse op 'n dekadellange laagtepunt te hou, wat ook BBP-herstel in Suid-Afrika ondersteun.

Daarby het aangepaste BBP-data van Statistieke SA, sowel as 'n beter as verwagte BBP-syfer vir die tweede kwartaal van 2021 (wat beide na die Julie-skokke vrygestel is), aangedui dat selfs as die BBP in die derde kwartaal inkrimp, reële BBP-groei van sowat 5% steeds moontlik is in 2021. Na 2021 lyk die vooruitsigte vir die wêreld ekonomie redelik gunstig, ondanks die verskyning van meer aansteeklike variante van die koronavirus, wat afwaartse risiko's vir wêreldgroei inhou. Plaaslik sal dit 'n fout wees om te dink dat die kommoditeitsprysmeevaller voort sal gaan om sommige van ons onderliggende kwesbaarhede te verberg. As daar ooit 'n noodsaak vir die regering was om strukturele hervorming ten opsigte van groei en indiensneming te implementeer, is dit nou.

## Ten slotte

Hoewel heelwat onsekerheid steeds bestaan midde-in die voortdurende Covid-19-pandemie, stadige inentingsproses en die terugslag van die onlangse gewelddadige onrus in Suid-Afrika, is ek bemoedig deur die aantal mense uit alle hoeke van ons samelewing wat na vore kom en bereid is om te help bou aan 'n beter Suid-Afrika ondanks al die uitdagings wat ons in die gesig staar. Ons gesondheidswerkers, besighede, regering en godsdiensteleiers, die mense wat beskadigde buurte opgeruim en herstel het na die maatskaplike onrus, ons sportspanne en atlete en elke organisasie en betrokke landsburger wat hul onwrikbaar daartoe verbind om 'n sukses van die land te maak, vul my met hoop vir die toekoms.

Remgro bly verbind tot hierdie land en ons sal voortgaan om ons rol te speel en te help verseker dat Suid-Afrika sterker uit hierdie uitdagende tye as 'n nasie kom. Dis nou belangriker as ooit dat ons saamstaan as 'n land en vorentoe beweeg tot voordeel van al ons mense.

Ek wil in die besonder my kollegas by Remgro, en dié by ons onderliggende beleggingsmaatskappye, bedank vir hul waardevolle bydrae tot ons groep en ons land in hierdie ongelooflike moeilike tye. In ons gedagtes en gebede dink ons aan kollegas en hul families wat geliefdes in hierdie tyd verloor het.



**Jannie Durand**  
Hoofuitvoerende beampte

Stellenbosch  
21 September 2021

#### Waardasiemetodologie

Verdiskonteerde kontantvloei-metode
Netto batewaarde
Verdiskonteerde kontantvloei-metode
Vergelykbare markprys
Som-van-die-dele (eksterne waardasie)
Som-van-die-dele
Verdiskonteerde kontantvloei-metode
Som-van-die-dele
Som-van-die-dele
Verdiskonteerde kontantvloei-metode
Verdiskonteerde kontantvloei-metode
Verdiskonteerde kontantvloei-metode
Verdiskonteerde kontantvloei-metode

## Intrinsieke netto batewaarde<sup>(1)</sup>

R miljoen	30 Junie 2021		30 Junie 2020	
	Boek-waarde	Intrinsieke waarde <sup>(2)</sup>	Boek-waarde	Intrinsieke waarde <sup>(2)</sup>
<b>Gesondheidsorg</b>				
Mediclinic <sup>(3)</sup>	24 581	19 358	27 443	18 769
<b>Verbruikersprodukte</b>				
RCL Foods <sup>(3)</sup>	8 262	6 926	7 189	6 029
Distell	7 578	11 665	7 128	5 330
Siqalo Foods	6 226	7 277	6 285	6 145
<b>Finansiële dienste</b>				
RMI	10 174	14 713	9 736	13 708
Business Partners	1 273	1 273	1 244	1 232
<b>Infrastruktuur</b>				
CIVH	4 981	12 054	4 458	10 584
Grindrod	842	842	532	532
SEACOM	23	799	8	909
Ander infrastruktuurbeleggings	701	701	226	226
<b>Nywerheid</b>				
Air Products	1 063	4 523	1 264	3 979
TotalEnergies	2 242	2 539	2 029	2 515
Wispeco <sup>(3)</sup>	1 229	1 188	1 008	810
Ander nywerheidsbeleggings	198	415	205	309
<b>Gediversifiseerde beleggingsvoertuie</b>				
KTH	1 456	2 044	1 601	1 961
Milestone III	1 234	1 234	1 251	1 251
Prescient China Equity Fund	1 211	1 211	1 156	1 156
Ander gediversifiseerde beleggingsvoertuie	1 449	1 567	1 050	1 107
<b>Media</b>				
eMedia Investments <sup>(3)</sup>	815	616	805	947
Ander mediabeleggings	3	137	41	41
<b>Portefeuljebeleggings</b>				
FirstRand <sup>(4)</sup>	7 659	7 659	7 068	7 068
Ander portefeuljebeleggings	661	661	782	782
<b>Maatskaplike impakbeleggings</b>	135	135	331	331
<b>Sentrale tesourie</b>				
Kontant by die kern <sup>(5)</sup>	9 706	9 706	17 073	17 073
Skuld by die kern	(7 821)	(7 821)	(15 288)	(15 288)
<b>Ander netto korporatiewe bates</b>	2 178	2 919	2 148	2 817
<b>Intrinsieke netto batewaarde (INBW)</b>	<b>88 059</b>	<b>104 341</b>	86 773	90 323
<b>Potensiële KWB-aanspreeklikheid<sup>(6)</sup></b>		<b>(4 150)</b>		(3 050)
<b>INBW na belasting</b>	<b>88 059</b>	<b>100 191</b>	86 773	87 273
Uitgereikte aandele na aftrekking van aandele teruggekoop (miljoen)	565.0	565.0	565.0	565.0
<b>INBW na belasting per aandeel (Rand)</b>	<b>155.86</b>	<b>177.33</b>	153.59	154.47
<b>Remgro-aandeelprys (Rand)</b>		<b>114.60</b>		99.90
<b>Persentasie diskonto teenoor INBW</b>		<b>35.4</b>		35.3

<sup>(1)</sup> Verwys na die verandering in rapporteringskategorieë op bladsy 35.

<sup>(2)</sup> Vir doeleindes van berekening van die intrinsieke netto batewaarde, word ongenoteerde beleggings teen IFRS 13: Billike Waarde Metingswaardasies en genoteerde beleggings teen beurspryse aangetoon.

<sup>(3)</sup> Remgro het die verhaalbare bedrae vir Mediclinic, RCL Foods, Wispeco en eMedia Investments bepaal, wat meer is as die beleggings se drawaardes.

<sup>(4)</sup> Die intrinsieke waarde vir FirstRand sluit die belegging teen markwaarde minus uitgestelde kapitaalwinstbelasting (KWB) op die belegging asook die na-belaste nulkosteband verskansing op 60 000 000 FirstRand-aandele in, wat 'n verpligting van R384 miljoen (30 Junie 2020: 'n bate van R78 miljoen) bedra.

<sup>(5)</sup> Kontant by die kern sluit kontant gehou deur filiale wat afsonderlik hierbo gewaardeer is (hoofsaaklik RCL Foods, Distell, Siqalo Foods en Wispeco), uit.

<sup>(6)</sup> Die potensiële KWB-aanspreeklikheid is bereken op die spesifieke-identifikasietegniek deur gebruik te maak van die voordeligste berekening vir beleggings wat voor 1 Oktober 2001 verkry is en die korporatiewe vrystellingsbepalings word ook in ag geneem. Addisioneel tot FirstRand, is die uitgestelde KWB op beleggings teen billike waarde deur ander omvattende inkomste ingesluit in die beleggingsmaatskappy se lynitem hierbo.

